# OOSIE IDOLS – 2025

## ALGEMENE REËLS EN INLIGTING




### 1. Kategorieë

- Die Oosie Idols-kompetisie 2025 bestaan uit twee kategorieë:
  (a) Junior Kategorie – Graad 8 en 9 leerders
  (b) Senior Kategorie – Graad 10, 11 en 12 leerders

- Daar gaan vier finaliste in die junior kategorie en ses finaliste in die senior kategorie gekies word. Hierdie finaliste sal tydens die *Grande Finalé* op 2 Oktober 2025 teen mekaar meeding.
- **Slegs solo-inskrywings.**
- Geen duette of groepitems word aanvaar nie.

### 2. Inskrywings

- Inskrywings open op 22 Julie en sluit op 19 Augustus.
- R30-00 per inskrywing
- Elke inskrywing MOET die volgende bevat:
  (i) Volledige inskrywingsvorm, geteken deur beide die leerder en leerder se ouers.
  (ii) ‘n Geheuestokkie met die volgende op:
    - ➢ ’n Video waar een liedjie **sonder begeleiding** (A Capella) gesing word.
    - ➢ ’n Video waar een liedjie **met begeleiding** (*backtrack* of lewendige begeleiding) gesing word.
    - ➢ **Let wel: GEEN *Gospel* liedjies mag gesing word nie.**
    - ➢ ‘n Kop-en-skouerfoto van die leerder.
  (iii) **Die opnames mag nie in ateljees gedoen word nie**.
  (iv) ‘n Voltooide en getekende POPIA-vorm (Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Nr. 4 van 2013) waar die leerder se ouers toestemming gee dat die leerder se inligting, foto’s en videomateriaal op sosiale media en die skool se webblad vertoon mag word.

### 3. Finaliste en *Grande Finalé*

- Die finaliste vir die onderskeie kategorieë sal op 26 Augustus 2025 tydens die skool se saalopening aangekondig word en daarna ook op die skool se webblad en sosiale media (webwerf, Facebook en Instagram) geplaas word.
- Die finaliste sing op die aand van die *Grande Finalé* twee liedjies sing - elkeen uit ‘n verskillende genre om hulle veelsydigheid as sangers ten toon te stel.

- Finaliste is verantwoordelik vir hulle eie *backtrack* òf lewendige begeleiding en uitrustings vir die *Finalé.*
- Mev M du Plessis sal beskikbaar wees vir enige hulp en raad aan die finaliste wat betref afronding. Let wel: Sy is nie betrokke by die beoordeling op 2 Oktober nie.
- Die finaliste moet beskikbaar wees vir oefeninge van die twee groepitems wat tydens die aand gedoen gaan word. Elke finalis sal die lirieke (woorde) en *backtracks* ontvang vir die sodat hulle tuis kan oefen en voorberei.
- Daar gaan foto's geneem word van die finaliste wat tydens die *Grand Finalé* gebruik gaan word in 'n *Powerpoint*-aanbieding om hul aan die gehoor bekend te stel. Alle reëlings daaromtrent sal deurgegee word, sodra die finaliste aangekondig is.
- Die kleedrepetisie is op Woensdag, 1 Oktober 2025 vanaf 17:00.
- Die *Grand Finalé* is op Donderdagaand, 2 Oktober 2025 om 18:00 in die Skoolsaal.

**************************************************

# OOSIE IDOLS – 2025

## INSKRYWINGSVORM




**1. Inligting benodig**

Leerder se naam en van : ____________________________________

Graad en voogklas : ____________________________________

Leerder se selfoonnommer : ____________________________________

Ouer/voog se naam en van : ____________________________________

Ouer/voog se selfoonnommer : ____________________________________

Naam van liedjie 1 : ____________________________________

Naam van liedjie 2 : ____________________________________

**2. Inskrywings en inskrywingsgelde**

- R30-00 per persoon.
- Betaling kan by die skool se Finansies kantoor gedoen word.
- Heg asseblief die kwitansie aan die inskrywingsvorm voor inhandiging.
- Handig die volgende voor of op 19 Augustus by me M du Plessis (K30) in:
  - ➢ Inskrywingsvorm met bewys van betaling aangeheg.
  - ➢ ‘n Geheuestokkie met die volgende op:
    - ❖ ʼn Video waar een liedjie **sonder begeleiding** (A Capella) gesing word.
    - ❖ ʼn Video waar een liedjie **met begeleiding** (*backtrack* of lewendige begeleiding) gesing word.
    - ❖ ‘n Kop-en-skouerfoto van die leerder.
- ʼn Voltooide en getekende POPI (vrywaringsvorm) vir sosiale media gebruik van foto’s en videomateriaal – beskikbaar op die webbladsy.

******************************************